Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 31/08 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - Mev. Sonja Ferreira wat die 0/12-netbalspan Saterdag na Humansdorp vergesel het;
   - Groot dank aan die volgende persone vir hul bydraes tot die Hartenbostoer:
     - Bokmakierie vir die vleispakkies van Vrydag- en Saterdagaand en
     - André Aucamp vir veskaffing van die hout en braaidromme.

2. **<u>Loslitdag/Casual Day: 7 September 2018</u>:**
   Hoërskool McLachlan ondersteun hierdie landwye fondsinsamelingsprojek ten bate van persone met gestremdhede. Leerders, met 'n loslitplakker, mag op Vrydag, 7 September, die skool in hul siviele drag bywoon.
   Loslitplakkers is by mev. Mattheus te koop teen R10.00 elk. Slegs 200 plakkers is beskikbaar.

3. **<u>McLachlan Bonanza-fondsinsamelingsprojek</u>:**
   Ons doen 'n beroep op alle ouers en vriende van Hoërskool McLachlan om ons BONANZA te ondersteun. Soos u weet is die skool afhanklik van fondsinsamelingsprojekte om te verseker dat finansiële verpligtinge nagekom kan word, alles ten bate van kwaliteit onderrig en opleiding van elke leerder.

   Elke leerder het 'n boekie met 12 kaartjies ontvang, om te verkoop. Kaartjies kos R10.00 elk.
   Vir elke boekie wat die leerder verkoop, ontvang hy/sy R20.00.
   Beantwoord 'n vraag en wen groot pryse!

   <u>Eerste prys</u>:
   2 rugbykaartjies (Suid-Afrika teen Australië in P.E. op 29/09 ter waarde van R1300)

   <u>Tweede prys</u>: (gelykstaande aan die eerste prys):
   2 rugbykaartjies (Suid-Afrika teen Australië in P.E. op 29/09 ter waarde van R1300)

   <u>Derde prys</u>:
   Koopbewys ter waarde van R500.00 van Bokmakierie Slaghuis.

   Daar wag n spesiale verrassing vir die klas wat die meeste kaartjies verkoop.

   Sluitingsdatum:17 September 2018
   Trekking vind plaas op: 25 September 2018

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

4. **Groepfoto's:**
   Alle jongstes of enigstes het 'n bestelvorm gekry om groepfoto's te bestel.

   Foto's is A5-grootte en kos R30 elk. Die bestelvorm en kontant moet teen Maandag, 3 September, by die registeronderwysers ingegee word. Geen laat bestellings sal aanvaar word nie.

5. **CAMI- en ekstra Wiskundeklasse:**
   - Wiskunde:
     Woensdae: Gr. 6 – 12 14:30 – 15:30

   - CAMI: (Wiskunde, Afrikaans en Engels – gr. 1 tot 9)
     Leerders kan kies tussen Wiskunde-, Afrikaans- en Engelsrekenaargesteunde lesse.
     Klasse: Dinsdag, Woensdag en Donderdae: 14:30 – 15:00

6. **Sport:**
   - 0/15-OP-Iqhawespan:
     Baie geluk aan Ruben Barnard wat vir die 0/15-OP-Iqhawespan gekies is. Hy gaan vanaf 1 – 5 Oktober 2018 aan die Nasionale Iqhawe-week deelneem.

   - Uitslae: Stultingsportdag:

Netbal:	0/10:	4 gespeel:	2 gewen; 2 verloor
	0/11:	3 gespeel:	1 gewen; 1 gelykop; 1 verloor
	0/12:	5 gespeel:	5 gewen

     Baie dankie aan al die afrigters, skeidsregters en ouers wat die netbalspelers so gereeld motiveer en ondersteun het.

Rugby:	0/7:	3 gespeel:	3 verloor
	0/9:	2 gespeel:	2 verloor
	0/11:	2 gespeel:	2 verloor

   - Hartenbos-rugby- en netbaltoer:
     Reeds Vrydagmiddag het die 0/13B- en C-netbalspanne 3 wedstryde gespeel waarvan hul slegs een wedstryd verloor het. Die B-span was baie trots om Stellenbosch se 0/13B-netbalspen te wen en ook Blanco se 0/13-netbalspannetjie. Ongelukkig het hul teen Worcester-Oos verloor.

     Saterdag het die 0/13A-span teen Overberg, Vredendal, Bertie Barnard en Welgemoed gespeel. Hul kon slegs teen Bertie Barnard wen. Die B- en C-spanne het ook Saterdag wedstryde gespeel en baie goed gevaar.

     Ons is baie trots op die 0/13-seuns wat hul wedstryde teen Welgemoed, Wesbank en Laurus oortuigend gewen het.

     Die toer van die naweek was heerlik. Vrydagmiddag het ons die Redberryaarbeiplaas besoek. Saterdagnamiddag na die wedstryde kon ons by Diaz se warm swembaddens swem en baljaar. Die toer is Sondagoggend met 'n Spur-ete afgesluit.

     Hartlike dank aan al die ouers wat hul kinders finansieel ondersteun het.

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- <u>Tennisrakette vir sportperiode</u>:
  Tydens sportperiodes op dag 2 en 4 beplan ons om tennisvaardighede vir die laerskoolmeisies aan te leer.

  Aangesien ons vir die projek baie rakette benodig, neem ons die vrymoedigheid om vir houtrakette, klein geel plastiek rakette van ‘n “swingball” of enige ander tennisraket wat miskien nie meer gebruik word nie te vra. Iewers lê altyd ‘n ongebruikte hout-, plastiek-raket of ‘n goeie tennisraket rond. Ongebruikte tennisballe sal ook handig te pas kom.

  Ek wil ook die meisies aanmoedig om op dié dae hul eie raket skool toe te bring.

  Die rakette kan by juffrou Lizbé ingegee word. So ‘n skenking sal opreg waardeer word.

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 82 578 3039
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg